

10 November 2004

Volume 2, Issue 5

Informa *Express*

Heraangestel



Prof. J.P. Hayes.

Prof. L.M. Loskutoff en **Prof. J.P. Hayes** is heraan gestel vir 'n verdere termyn van drie jaar as Buitengewone Hoogleraars in die Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde.

Promoted

Dr. A. Pretorius has been promoted to Associate Professor in the Department of Medical Microbiology.

Aangestel

Mev. S.M. van Heerden is vir 'n periode van een jaar as Hoof van die Departement Arbeidsterapie aangestel.

Contact us with news:

Leonie Bolleurs 2707
Anton Fisher 2749
Lacea Loader 2584
Karen Minnaar 3422
Tebogo Moraka 9332
Leatitia Pienaar 9188
Hannes Pieterse 3502
Tumi Tabane 2828
Informa.stg@mail.uovs.ac.za

Universiteit van die Vrystaat --- University of the Free State --- Yunivesithi ya Freistata

UFS establishes Sesotho Language Research and Development Centre

The Executive Management of the UFS has decided to establish a Sesotho Language Research and Development Centre at the request of the national Department of Arts and Culture.

In terms of the proposal submitted to the EM by the Dean of the Faculty of the Humanities, Prof. G.W. De Klerk, the national department has committed itself to make available R1 000 000 for the project.

An amount not exceeding 3,5 percent will be paid to the UFS in payment of costs incurred in terms of the housing of the centre.

According to Prof. de Klerk, the tasks of the centre will include the following:

- the promotion of indigenous languages and terminology development
- research, development and maintenance of a terminological data base
- writing and publishing of various genres of literature in co-operation with relevant and interested parties
- the establishment and maintenance of a language museum
- outreach to the community and the mobilization of support for the use of African languages.

The centre will be managed by a management committee consisting of a representative of the Department of Arts and Culture, the academic registrar, head of the Department of African Languages, chief financial official of the UFS, a member of the Senate, a senior lecturer/professor from the School of Languages/ Faculty of the Humanities, the head of the provincial language unit and a representative of the Pan South African Language Board.

The Sesotho Language Research and Development Centre will be located on the Vista campus of the UFS.

Die hantering van taalsake en taalklagtes

Die Uitvoerende Bestuur het 'n konsepbeleid rondom die hantering van taalsake en verbandhoudende taalklagtes goedgekeur.

Die UB wil ook by die UV Raad aanbeveel dat die ombudsmanfunksie van die taalkomitee m.b.t klagtehantering vir 'n verdere 12 maande verleng word sodat die frekwensie en aard van taalklagtes verder gemoniteer en beoordeel kan word.

Volgens die Registraar: Algemeen, prof. Sakkie Steyn, kan die taalkomitee enige taalklagte(s) wat by die komitee ingedien word ter tafel neem, bespreek en waar nodig verwys. In hierdie geval sal die voorsitter van die taalkomitee die klagte na die

betrokke lynhoof verwys en die oplossing daarvan kan deur die taalkomitee gemoniteer word. Indien 'n oplossing deur die klaer as onaanvaarbaar beleef word of in stryd met die UV-taalbeleid is of op 'n moontlike leemte in die taalbeleid dui, sal die saak verder die aandag van die taalkomitee geniet. Die taalkomitee kan ook advies oor die volgende aangeleentede gee:

1. Moontlike implikasies van die praktiese implementering van die taalbeleid. Die taalkomitee kan advies gee oor 'n wyse waarop verdere navorsings- en ontwikkelingswerk gedoen kan word om op innoverende wyse die uitdagings

wat uit die taalbeleid spruit, die hoof te bied.

2. Voorstelle vir ondersoek rondom implementering.
3. Herbesinning oor aspekte van die taalbeleid (op versoek).
4. Toepassing van die taalbeleid in gevalle waar projekte of inisiatiewe in werking gestel word en die taalimplikasies daarvan verreken moet word.
5. Taalsake van meer algemene belang wat oënskynlik nie binne 'n spesifieke lynfunksie hanteer word nie en/of waarvoor daar onduidelikheid bestaan.
6. Taalsake wat op geen ander manier na bevrediging opgelos word nie.